



## KEURING VAN BSc DIEETKUNDE STUDENTE - 2018

### 1. INLEIDING

Om toegelaat te word tot die BSc Dieetkunde-kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe moet die voornemende student voldoen aan die toelatingsvereistes soos gestel in die fakulteitsjaarboek. Daarna word hulle onderwerp aan 'n keuringsproses.

Toelatingsvereistes:

- Nasionale senior sertifikaat met universiteitstoelating
- 'n APS-telling van minstens 26
- Wiskunde – Vlak 4 (50-59%) EN
- Fisiese wetenskap – Vlak 4 (50-59%)
- 'n Slaagsyfer van 50-59% (vlak 4) in die taal van leer en onderrig op Huistaal- of Eerste addisionele Taalvlak

Keuring geskied aan die hand van 'n wetenskaplik-ontwikkelde keuringsmodel, gegrond op:

- i) 'n akademiese komponent (matriekgemiddeld). Voornemende studente **moet 'n gewaarmerkte of deur die skoolhoof ondertekende staat van hulle punte of simbole van beskikbare Graad 12 punte by die Toelatingskantoor indien.**
- ii) 'n gestruktureerde telefoniese onderhoud (Datum sal met voornemende student kommunikeer word). Ter voorbereiding vir die onderhoud word van studente verwag om 'n formele besoek by 'n dieetkundige af te lê wat werksaam is in: 'n hospitaal, of die gemeenskap, of privaatpraktyk. Slegs wanneer daar geen toegang tot 'n dieetkundige in die onmiddellike area is waar die aansoeker woon nie, kan inligting uit geskrewe bronne, internet, telefoniese gesprekke met kundiges, en studente wat die kursus neem, ingesamel word. Aspekte waarvan die student kennis moet neem is in die addendum aangeheg.
- iii) Bewys van die bogenoemde besoek aan 'n dieetkundige. Hierdie kan 'n brief van die dieetkundige wees wat die HPCSA nommer van die dieetkundige moet insluit (DT nommer). In gevalle waar 'n dieetkundige nie beskikbaar is nie moet 'n bewys van die verskeie verwysings/bronne wat deur die student gebruik is, saam met die aansoek ingedien word (nie langer as 1 bladsy nie).

Met die implementering van 'n keuringstelsel moet die volgende beklemtoon word:

- a) Die doel met die keuring van voornemende Dieetkundestudente is om doeltreffendheid, en by implikasie die opleidingstandaard, te verhoog en om die studente te selekteer wat die beste kans het om die kursus te slaag.
- b) Slegs 'n beperkte aantal posisies in die program beskikbaar is.
- c) Keuring vervang nie, maar is inderdaad bykomend tot die minimum toelatingsvereistes vir die BSc Dieetkunde-kwalifikasie, soos dit in die Fakulteitsjaarboek gepubliseer is (APS-telling = 26). Let asseblief daarop dat die APS-telling onderhewig is aan verandering. Wiskunde en Fisiese Wetenskap (Natuur- en Skeikunde) op vlak 4 (50-59%) is 'n vereiste.
- c) Veral in die huidige ekonomiese klimaat is dit vir 'n voornemende student voordelig om vroeg reeds met 'n hoë mate van sekerheid te weet of hy/sy 'n bepaalde kwalifikasie [in hierdie geval BSc (Dieetkunde)] suksesvol sal kan voltooi. Voornemende studente wat na keuring nie tot die bogenoemde kwalifikasie toegelaat word nie, sal **nie** van die Universiteit **weggewys word nie**; trouens die Universiteit stel sy volledige voorligtingsdiens beskikbaar met die oog op hulpverlening by die beplanning van 'n alternatiewe loopbaan.

### 2. KEURINGSPROSEDURE

#### 2.1 Keuring

Studente word op grond van hulle Graad 11 en mees onlangse Graad 12 punte, en telefoniese onderhoud, en (indien nodig, sien 2.4), 'n gestruktureerde onderhoud **gekeur** in afwagting van die finale matriekuitslae.

## 2.2 Finale toelating tot die program

**NB** Finale toelating tot die program word gedoen nadat die finale Graad 12 punte ontvang is en die resultate sal in Januarie 2018 per SMS bekend gemaak word.

Dit bly die verantwoordelikheid van die voornemende student om 'n gewaarmerkte kopie van sy/haar matrieksimbolestaat so spoedig moontlik na die uitreiking daarvan deur die betrokke onderwysdepartement, aan Mev H Freeke te faks by (018) 293 5106.

2.3 Die sluitingsdatum vir aansoeke om toelating is **30 Junie 2017**. Laat aansoeke sal op grond van meriete oorweeg word.

Die studente sal van die voorlopige resultate van die keuringsproses deur die Toelatingskantoor (018) 299 2635) per brief verwittig word.

## 2.4 Keuringsonderhoud

**Slegs** voornemende studente wat na afloop van die telefoniese onderhoud as **grensgevalle** geïdentifiseer word, sal vir 'n persoonlike onderhoud uitgenooi word. Finale besonderhede in die verband sal na die verwerking van die keuringsproses verstrek word.

**2.5 Die uitslag van die keuringsproses berus by die paneellede en die beslissing is finaal.**

## 3. NAVRAE

Navrae kan aan Mev. H. Freeke by telefoonnommer (018) 299-2635 of skriftelik per adres: Die Toelatingsafdeling, Departement Akademiese Administrasie, NOORDWES-UNIVERSITEIT – Potchefstroomkampus, POTCHEFSTROOM, 2520, gerig word.

## Addendum

Die onderstaande dien as riglyn vir aspekte wat tydens die besoek aan die dieetkundige ondersoek moet word.

Riglyn vir besoek aan dieetkundige of vir insameling van inligting		
Verduidelik elk van die volgende rolle van die dieetkundige:		
1	Verduidelik elk van die volgende rolle van die dieetkundige: a) Kliniese dieetkunde (Terapeutiese Voeding) b) Gemeenskapsdieetkundige c) Voedseldiensbestuur dieetkundige	
2	Wat behels die dagtaak van die hospitaaldieetkundige?	
3	Watter rol speel die dieetkundige as deel van die mediese span?	
4	Beroepsmoontlikhede	
5	Salaris	
6	Jou visie vir jouself as toekomstige dieetkundige (6-8 jaar vorentoe)	
7	Hoe speel navorsing 'n rol in die dieetkunde profesie?	